Fokus teks: Handelinge 1: 9-11, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1, 4-5 VONK 1: 1-2; VONKK 2: 1-2; Gesang 278 x 2; Gesang 425: 1-4.

---

## AANKONDIGINGS:

- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Maandag 18 Mei Anandia Horn & Bertus Jansen. Dinsdag 19 Mei is dit die beurt van Machiel Engelbrecht. Op Vrydag 22 Mei verjaar Santie Grobler. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.
- Jy word hartlik uitgenooi na ons Koffie gesprek vir lidmate wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Hierdie is 'n veilige en rustige geleentheid waar ons saam kan kuier, luister, bemoedig en mekaar dra. Daar is nog een plek oor.

  Ons tema vir die oggend is: "Mense sê jy moet net sterk wees."

  Bespreek jou plek by dr Hannes Janse van Rensburg.
- Kom geniet 'n heerlike oggend van warmte, kuier en goeie geselskap by ons Sop, Sjerrie, Wyn en Brood op 31 Mei 2026 om 11:00 by Zuurfontein Gemeente. Bederf jouself met smaaklike sop, vars brood en ietsie besonders om saam te geniet. Dit is die perfekte

geleentheid om familie en vriende saam te bring vir 'n gesellige tyd. Kaartjies is beskikbaar by die Kerkkantoor teen R100 per volwassene en R50 vir laerskoolkinders. Moenie uitmis nie – kom deel in die kuier en gemeenskap!

- By Zuurfontein Gemeente glo ons dat die evangelie nie net binne kerkgeboue leef nie, maar ook daar waar mense elke dag verbind – selfs op die web. Ons digitale sendingveld groei steeds, en gedurende 2026 het ons webblad reeds 90 947 besoeke ontvang uit verskillende dele van die wêreld, met besoekers van onder andere Suid-Afrika, Indonesië, die VSA, Indië, Japan en Australië.

  Hierdie bereik vertel nie bloot van statistiek nie – dit vertel van mense wat soek na hoop, geloof, Bybelstudie, geestelike verdieping en leiding. Deur artikels oor missionale leierskap, geloofsvorming, gemeentewees, gasvryheid en Bybelstudies uit Efesiërs, word die evangelie op nuwe maniere gedeel. Ons sien die web as deel van God se sending (Missio Dei) – 'n ruimte waar die Woord harte kan aanraak,

gesprekke kan oopmaak en geloofsgemeenskappe kan versterk. Van kansel tot kode, van gemeente tot wêreld: ons bly geroep om ligdraers te wees, ook digitaal.

Dankie aan elkeen wat saam bid, ondersteun en deel in hierdie bediening – want saam leef ons missionaal, ook aanlyn.

## LIEF & LEED:

- Hannie White het positief getoets vir borskanker. Ons hou haar vas en bid vir haar. Ons dink ook aan die behandeling wat voorlê.
- Die Ring van Zuurfontein se jaarvergadering het gister @ Kemptonpark-Oos plaasgevind. Dit was 'n goeie en opbouende vergadering. Tydens die vergadering is Martin van Staden en dr Hannes Janse van Rensburg (skriba) tot die Kommissie verkies.

## KLOK:

Die klok het ons geroep uit die besige ritme en geraas van die wêreld om hier saam stil te word voor die Here. Op

---

hierdie sewende Sondag van die opstanding steek ons die sewe kerse aan — tekens van Christus se lig wat bly skyn, van hoop wat leef, en van die oorwinning van die Opgestane Here. Vandag vier ons ook met verwondering Hemelvaart: Christus wat verhoog is, maar steeds by sy kerk teenwoordig bly en ons met hoop vorentoe stuur.

## Psalm 84: 1, 4 en 5 ~ Hoe lief het ek u woning, Heer.

## VOTUM:

Ons hulp is in die Naam van die Here, die God wat vir ons lewe gee, die Een wat ons bestaan in sy hand hou en wat besluit wat met ons gebeur.

Here, U is ons deel en ons toekoms; U gee aan ons ’n plek van genade, hoop en vrede. U leer ons die weg waarop ons moet gaan, en selfs in die stilte van die nag bly U naby.

Ons kom vandag met vertroue in U teenwoordigheid, want U is altyd by ons, ons staan vas, omdat U ons vashou.

Fokus teks: Handelinge 1: 9-11, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1, 4-5 VONK 1: 1-2; VONKK 2: 1-2; Gesang 278 x 2; Gesang 425: 1-4.

---

## SEËN:

Genade en vrede vir ons van God ons Vader, wat ons in liefde roep en dra; en van Christus Jesus, ons Verlosser, wat ons met genade ontmoet en ons harte vul met hoop en vrede. Ontvang vandag sy teenwoordigheid, sy liefde en sy vrede, nou en altyd. Amen.

## VONKK 1: 1-2 ~ Wees my genadig, luister hoe smeek ek, wis my skuld, ek het soveel verbrou.

## WET VIR DIE EREDIENS

*met Johannes 15:1–8 in gedagte*

Gemeente van die Here, luister na die wil van God vir ons lewe uit die beeld van die wingerdstok: Jesus Christus sê: "*Ek is die ware wingerdstok en julle die lote.*" Wie in Hom bly, dra vrug. Sonder Hom kan ons niks doen nie. Daarom roep die Here ons vandag: Moenie met jaloesie na mekaar kyk nie, want elke loot aan die wingerd ontvang sy eie plek, sy eie groei en sy eie vrug. God gee nie dieselfde gawes aan almal nie. Hy gee aan elkeen wat nodig is vir sy Koninkryk.

Daarom mag ons nie afgunstig wees op ander se vermoëns of gawes nie. Ons word geroep om ons eie gawes te ontdek, te ontwikkel en met dankbaarheid te gebruik. Want wanneer ons elkeen ons plek in Christus inneem, word die liggaam van gelowiges opgebou en word mense nader aan God gelei.

Die Here vra van ons: Bly in Christus. Dra vrug van liefde, diensbaarheid en dankbaarheid. Gebruik jou gawes nie vir eie eer nie, maar tot eer van God en tot opbou van mekaar. Want hierin word die Vader verheerlik: *dat ons baie vrug dra en so wys dat ons dissipels van Jesus is*.

## GELOOFSBELYDENIS

Gemeente, laat ons saam bely waarin ons glo:

Ons glo in God die Vader, die ware Wingerdboer, wat elkeen van ons uniek geskep het en aan elkeen gawes gee uit sy liefde en wysheid.

Ons glo in Jesus Christus, die ware Wingerdstok, in Wie ons lewe, groei en vrug dra. Ons glo dat ons sonder Hom niks kan doen nie, maar dat Hy ons verbind aan mekaar as lote van een liggaam.

Fokus teks: Handelinge 1: 9-11, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1, 4-5 VONK 1: 1-2; VONKK 2: 1-2; Gesang 278 x 2; Gesang 425: 1-4.

---

Ons glo in die Heilige Gees, wat gawes in ons werk, nie om verdeeldheid of jaloesie te bring nie, maar om diensbaarheid, liefde en eenheid te laat groei.

Ons glo dat ons mekaar nodig het, dat elke gawe waarde het, en dat God ons roep om ons gawes te gebruik tot opbou van sy kerk en tot uitbreiding van sy Koninkryk.

Ons glo dat ons saam geroep is om vrug te dra wat mense nader bring aan God, tot eer van sy Naam. Amen.

## VONKK 2: 1-2 ~ Kom juig oor God, sing almal saam!

## SKRIFLESING: Handelinge 1: 9-11, 1983

9Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit
sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom
nie langer kon sien nie. 10Terwyl Hy weggaan en hulle nog
stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit
klere by hulle gestaan. 11Dié sê toe vir hulle: "Galileërs,
waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus
wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so
terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan
het."

Fokus teks: Handelinge 1: 9-11, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1, 4-5 VONK 1: 1-2; VONKK 2: 1-2; Gesang 278 x 2; Gesang 425: 1-4.

---

## PREEK:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Daar is gebeure in die geskiedenis, wat nooit ooi vergeet sal word nie. Gebeure wat soos bakens in die geskiedenis bly staan. Dit is daardie oomblikke in die geskiedenis, wat ons weet: ná hierdie oomblik gaan dinge anders wees. Hemelvaart was so ’n oomblik vir Jesus se dissipels (vir die ganse mensdom). Dit was nie bloot nog ’n gebeurtenis in Jesus se lewe nie. Dit was ’n draaipunt. ’n Heilige oomblik wat iets nuuts aan die gang gesit het.

Vir veertig dae ná sy opstanding het Jesus aan sy dissipels verskyn. Hy het met hulle gepraat, saam met hulle geëet en hulle voorberei op dit wat sou kom. Ná die trauma van die kruisiging en die verwarring van die leë graf het die dissipels begin asemhaal. Hulle het weer hoop begin kry. Hulle het begin glo dat die Here werklik leef.

En toe gebeur Hemelvaart!

---

Handelinge vertel vir ons hoe Jesus voor hulle oë opgeneem is, totdat 'n wolk Hom van hulle weggeneem het. Dit is 'n eenvoudige beskrywing, maar as ons regtig daaroor dink, moes dit vir die dissipels 'n diep emosionele oomblik gewees het. Hulle het reeds die pyn van afskeid beleef toe Jesus aan die kruis gesterf het. Hulle het Hom weer teruggekry deur die opstanding. En nou sien hulle Hom weer weggaan. Nog seer emosies van verlies.

Daarom verstaan 'n mens hoekom hulle net bly staan en staar. Hulle kyk nie bloot na die hemel nie. Hulle kyk met verlange. Met onsekerheid. Miskien selfs met vrees. Want diep binne hulle leef daar waarskynlik dieselfde vraag waarmee ons ook soms worstel:
Here, gaan U nou weg?
Los U ons nou alleen?
Here, het u van my vergeet?

As ons eerlik is, voel die lewe soms ook vir ons so. Daar is dae wanneer God ver voel. Ons bid, maar die hemel

bly stil. Ons dra hartseer, bekommernis, verlies of onsekerheid, en partykeer wonder ons of God ons nog sien. Dit gebeur selfs met gelowige mense. Selfs met mense wat kerk toe kom, bid en probeer glo.

Dit is juis waarom Hemelvaart so belangrik is.

Want Hemelvaart beteken nie dat Jesus die wêreld verlaat het nie. Dit beteken nie God het sy rug op die mensdom gedraai nie. Nee, Hemelvaart beteken dat Christus verhoog is. Dit beteken Hy regeer. Dit beteken Hy is nie meer beperk tot een plek of een groep mense nie. Die Here wat in Galilea geloop het, is nou die Here van hemel en aarde.

Die dissipels moes dit leer verstaan. Daarom staan daar skielik twee mans in wit klere by hulle wat vra: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk?”

Dit klink amper vreemd. Want wat anders moes hulle doen? Hulle het pas iets ongelooflik beleef. Maar die

boodskap van die engele is eintlik baie diep. Hulle sê as't ware: "Moenie net hier bly stilstaan nie. Moenie dink alles eindig nou hier nie." Want Hemelvaart was nie die einde van Jesus se werk nie. Dit was die begin van die kerk se werk.

Dit is wat Hemelvaart aan die gang gesit het. Tot op hierdie punt het die dissipels meestal gevolg. Hulle het geluister, geleer en gekyk hoe Jesus werk. Maar nou verander alles. Nou stuur Jesus húlle. Nou begin die beweging van die evangelie deur die wêreld. Nou begin die pad na Pinkster. Nou begin die kerk se sending.

Daarom sê Jesus net voor sy Hemelvaart: "Julle sal my getuies wees."

Dit is opvallend dat Jesus nie sê hulle moet bloot gaan praat nie. Hy sê hulle moet getuies wees. Met ander woorde, hulle hele lewe moet begin getuig van die feit dat Christus leef en regeer.

En dit begin nie eers ver weg nie. Jesus noem Jerusalem eerste. Die plek waar hulle reeds is. Die plek van hulle alledaagse lewe. Dit herinner ons daaraan dat getuienis altyd naby begin. In huise. In families. In gemeentes. In gewone gesprekke. In die manier waarop ons mense behandel.

Miskien dink ons te maklik dat geloof net oor groot geestelike oomblikke gaan. Maar die Koninkryk van God groei dikwels stil. Dit groei in klein dade van liefde. In 'n oproep na iemand wat alleen is. In 'n gebed vir iemand wat swaarkry. In 'n woord van hoop vir iemand wat moed verloor het. In 'n gemeente wat leer om werklik vir mekaar om te gee.

Hemelvaart herinner ons daaraan dat die kerk nie geroep is om net hemel toe te kyk nie. Die kerk word gestuur om op aarde te leef as mense van hoop.

Ons leef egter in 'n tyd waar hoop skaars geword het. Mense is moeg. Moeg vir geweld, verdeeldheid, moeg vir

ekonomiese druk en moeg vir die gejaag van die lewe. Baie mense voel verlore. Ander voel eenvoudig leeg. En juis daarom het die wêreld vandag gelowiges nodig wat leef asof Christus werklik regeer.

Want dit is die hart van Hemelvaart: Jesus is Here.

Nie geld nie!

Nie mag nie!

Nie status nie!

Nie vrees nie!

Nie verlies nie!

Nie siekte nie!

Nie die donker van die wêreld nie.

Christus regeer. Dit beteken dat liefde altyd sterker as haat bly. Dat hoop groter as wanhoop bly. Dat selfs die dood nooit die finale woord het nie.

En dit beteken ook dat ons nie alleen is nie.

Fokus teks: Handelinge 1: 9-11, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1, 4-5 VONK 1: 1-2; VONKK 2: 1-2; Gesang 278 x 2; Gesang 425: 1-4.

---

Die dissipels het gedink Jesus gaan weg, maar kort daarna sou Pinkster aanbreek. Die Heilige Gees sou uitgestort word. God sou nie net by hulle wees nie. God sou in hulle woon.

Dieselfde geld vandag nog vir ons. Selfs in jou donkerste oomblik is God nader as wat jy dink. Selfs wanneer jou geloof swak voel. Selfs wanneer jy nie die regte woorde het om te bid nie.

Kom ek sluit af met 'n verhaal.

Na die Tweede Wêreldoorlog het 'n klein gemeente in Europa teruggekeer na hulle kerkgebou wat erg beskadig is deur bomme. Die vensters was stukkend. Die dak was beskadig. Oral was tekens van verwoesting. Teen een muur was daar egter nog 'n beeld van Jesus. Die gemeente was dankbaar dat dit nie heeltemal vernietig is nie. Maar toe hulle nader kyk, sien hulle iets: die beeld se hande was weg. Dit was afgeskiet tydens die bombardement. Die gemeente het lank gewonder of hulle

nuwe hande moet laat maak. Maar uiteindelik het hulle besluit om dit nét so te los. Onder die beeld het hulle 'n eenvoudige sin aangebring: "Christus het geen hande op aarde behalwe jou hande nie."

Miskien is dit die betekenis van Hemelvaart.

Christus het opgevaar, maar sy werk op aarde gaan voort. Deur sy kerk. Deur gewone mense soos ek en jy. Deur gelowiges wat liefhet, dien, bid, vergewe en hoop bring.

Daarom staan ons nie net en kyk hemel toe nie. Ons gaan leef. Ons gaan liefhê. Ons gaan dien. Ons gaan getuig.

Want die Here het opgevaar.
Die Here regeer.
En die Here kom weer.
Amen.

Fokus teks: Handelinge 1: 9-11, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1, 4-5 VONK 1: 1-2; VONKK 2: 1-2; Gesang 278 x 2; Gesang 425: 1-4.

---

## GEBED:

Here, sal U saam met ons gaan? Sal U ons vrede gee?

Wees ons goedgesind, maak U wil bekend.

Sal U ons kom ontmoet?

Sal U met ons praat? Soos 'n goeie vriend?

Laat ons nooit alleen, want ons wil doen wat reg is, ons wil liefde bewys. Ons wil lewe, voor U bedagsaam loop.

Ja, ons wil doen wat reg is, ons wil liefde bewys.

Amen.

## Gesang 278 x 2 ~ Hoor ons bid, o Heer

## SEËNGROET:

Gemeente van die Here, gaan nou heen in vrede. Genade en vrede vir julle van God ons Vader, wat julle met liefde dra; van Jesus Christus, ons Here, wat vir ons opgevaar het, maar steeds by ons teenwoordig bly; en van die Heilige Gees, wat ons lei, versterk en met hoop vervul. So sal God met julle wees, vandag en elke dag.

## GESANG 425: 1-4 ~ Kyk die Heer het opgevaar